HANDEL

UITVOER VAN ROOIVLEIS HERSTEL GOED

NET 34 786 ton beesvleis is in 2019 uitgevoer nadat bek-en-klouseer in die land uitgebreek het. Dit is 22,7% minder as die 42 677 ton wat in 2018 uitgevoer is.

Tog wys die syfers dat die uitvoer van beesvleis verlede Desember met bykans 150% gestyg het teenoor uitvoer verlede Januarie (TABEL). Die maatskappy Agri Inspec het die mandaat om invoer en uitvoer in die rooivleisbedryf te monitor.

Volgens die Rooivleisprodusente-organisasie is dit 'n aanduiding dat die sluiting van bilaterale handelsooreenkomste vrugte afgewerp het en dat uitvoer ná die uitbreking verlede Januarie drasties kon groei. Dit kan in die toekoms verder uitgebrei word.

Die belangrikste handelsvennote waarna Suid-Afrika tans beesvleis uitvoer, is Jordanië, China, die Verenigde Arabiese Emirate, Koeweit en Hongkong.

UITVOER VAN BEESVLEIS (TON PER MAAND)

	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Januarie	2 843	3 913	4 015	2 785	1 450	3 109
Februarie	4 697	4 194	3 161	3 017	1 478	-
Maart	4 427	5 629	3 383	2 690	2 338	-
April	5 001	5 216	2 943	2 834	2 797	-
Mei	4 451	4 274	3 657	3 422	2 791	-
Junie	5 487	4 010	3 462	3 021	2 876	-
Julie	5 444	4 544	3 250	3 930	2 538	-
Augustus	5 136	4 388	3 734	3 961	3 000	-
September	5 324	4 957	3 487	3 305	3 633	-
Oktober	5 343	4 958	3 831	4 671	4 916	-
November	4 436	5 237	4 652	4 843	3 470	-
Desember	4 799	4 942	3 872	4 198	3 499	-
TOTAAL	**57 388**	**56 262**	**43 447**	**42 677**	**34 786**	**3 109**

APAC

VEE-AGENTE 'MOET VOORTAAN BY RAAD REGISTREER'

ALLE agente wat vee verhandel, moet voortaan by die landbouprodukte-agenteraad (Apac) registreer. Me. Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, het dié aankondiging gedoen op dieselfde nuuskonferensie waartydens die verbod op die samekoms van diere opgehef is.

Agente wat reeds by Apac geregistreer is, kan voortgaan met veilings.

Apac reguleer die beroepe met betrekking tot vars produkte, uitvoer en verkoopsagente van vee en verbeter die status van dié beroepe en die betroubaarheid van diegene wat dit beoefen.

Die reëls ten opsigte van vee-agente het op 2 Maart 2018 in die *Staatskoerant* verskyn en word sedert Januarie 2020 deur die landbouprodukte-agenteraad (Apac) afgedwing.

Die volgende belangrike veranderinge is van toepassing:

- **Bestuursbeleid ten opsigte van botsende belange**. Reël 4(1) bepaal dat elke lewendehawe-agent, met die uitsondering van werknemers, 'n beleid ten opsigte van botsende belange moet aanvaar, onderhou en toepas wat die voorskrifte van die reëls nakom. Ten opsigte van reël 4(3) moet dit aan die registrateur beskikbaar gestel word sodra dit aanvaar is.
- **Beperking van risiko's**. Reël 10(1) vereis die nakoming van die volgende beheermaatreëls: 'n Lewendehawe-agent moet deurentyd doeltreffende bronne, prosedures en tegnologiese stelsels tot sy beskikking hê wat sover as redelik verwag kan word om die risiko wat vanweë diefstal, korrupsie, ander oneerlike optrede, nalatigheid en ander strafbare nalatigheid veroorsaak kan word, die hoof te bied.
- **Aansoek om registrasiesertifikate**. Reël 23(1) bepaal dat 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat op 'n vorm wat by die raad beskikbaar is, elke twee jaar ingedien sal word, maar nie later as 20 besigheidsdae voor die herdenking van die uitreiking van die betrokke registrasiesertifikaat nie. Alle huidige registrasiesertifikate wat voor 2 Maart 2018 uitgereik is, het verval en moet op 3 Maart 2020 hernu word. Die betrokke lewendehawe-agente moet teen 30 Maart heraansoek doen om registrasie. Daarna sal alle aansoeke as nuwe aansoeke beskou word.
- **Aanlyn opleiding**. Reël 23(5)(a)(ii) vereis dat die aansoekers of mense wat in beheer van die aansoeker gaan wees, voldoende en gepaste kennis van die Wet op Landbouprodukte-agente (Wet 12 van 1992) en die reëls sal hê, asook van alle pligte en verpligtinge wat ten opsigte van die wet van toepassing is. Dit is daarom 'n spesifieke vereiste van Apac dat alle nuwe aansoekers die voorgeskrewe aanlyn opleiding ondergaan wat deur Apac verskaf word. Lewendehawe-agente wat nie in besit van die opleidingsertifikaat is nie, sal ook dié opleiding moet ondergaan.
- **Rekenkundige rekords en ouditeursverslag**. Reël 33(1) bepaal dat elke lewendehawe-agent sy rekenkundige rekords op eie koste sal laat oudit binne vier maande ná die finale datum van elke boekjaar. Dié datum sal nie sonder die geskrewe goedkeuring van die raad aangepas word nie. Reël 34(1) vereis ook dat elke lewendehawe-agent se ouditeur 'n verslag met sy bevindinge by die raad sal indien. Dit moet vergesel wees van die geouditeerde finansiële state van die lewendehawe-agent.
- **Inligting oor bankrekenings wat aan Apac verskaf moet word.** Ingevolge reël 35(1) moet die lewendehawe-agent 'n bankrekening by 'n kommersiële bank open, waarna die besonderhede daarvan binne vyf besigheidsdae aan Apac voorsien moet word.
- **Veroordelings wat by Apac aangemeld moet word**. Reël 27(1) en (2) vereis onderskeidelik dat wanneer 'n lewendehawe-agent of een van sy werknemers skuldig bevind is aan 'n oortreding wat 'n element van oneerlikheid bevat, die betrokke agent die raad binne vyf besigheidsdae per geregistreerde pos in kennis sal stel van die skuldigbevinding, die aard van die oortreding, die vonnis wat opgelê is, en deur watter hof die vonnis opgelê is. Indien 'n werknemer die diens van 'n agent verlaat het, moet die raad ook binne vyf werksdae per e-pos of geregistreerde pos daarvan in kennis gestel word en dit moet vergesel wees van die redes waarom die werknemer se diens beëindig is. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102** | E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**